Die Groot Evangelie van Johannes - Boek 11 - Abba Vader aan Leopold Engel gedikteer deur die Innerlike Woord

Kruisiging, dood en begrafnis van JaHshua

**Hoofstuk 74 (vervolg)** 28] My aanhangers het nou steeds digterby die plek van teregstelling gekom, sodat die kring van diegene wat na aan My gestaan het, behoorlik groter geword het. Josef van Arimathea het al vroeër na Pilatus gegaan en het hom vir My liggaam gevra - `n guns wat nie altyd verleen was nie.

[29] Maar Pilatus het dit graag aan hom verleen, omdat hy daarmee die Judeërs wou erger, netsoos deur die opskrif boaan die kruis in drie tale, waarop gestaan het dat Ek die koning van die Judeërs was.

[30] My vriende neem die liggaam dadelik van die kruis af, reinig en salf dit en dra dit met baie sorg na `n rotsgraf, wat die eiendom was van Josef van Arimathea, op `n stuk grond wat hy van Nikodemus gekoop het om mettertyd sy eie laaste rusplek daar te vind.

[31] Golgotha was weliswaar `n rotsheuwel, maar het vlakby `n digbevolkte dorpswyk gelê, waar baie ryk Romeine en Judeërs grond gekoop het en pragtige landhuise gebou het; van daar is die nabyheid van die tuin te verklaar.

[32] In die graf lê hulle die liggaam en beskerm dit goed, uit vrees dat die Judeërs in hulle boosaardigheid andersins ook die lyk nog kwaad wou aandoen.

[33] Maar hulle was op hulle beurt weer bang dat My aanhangers die lyk wou ontvoer en dan stellig beweer dat Ek opgestaan het; want hulle het gehoor en het baie goed geweet dat die woorde oor My voorspelde dood en ook van My opstanding onder die volk die ronde gedoen het. Daarom vra hulle Pilatus vir bewakers, wat dit ook vir hulle toestaan, al was dit maar net uit nuuskierigheid of daar miskien iets wonderbaarlik sou gebeur, soos alom deur die vriende verwag was en deur vyande gevrees word. **Daar word dus bewakers aangestel, Romeinse soldate, wat vyf dae lank by die graf op wag moes staan.**

Oor die dood van die Meester

**Hoofstuk 75** Maar wat het nou daar gebeur, terwyl die liggaam in die graf gelê het, en wat was die eintlike, dwingende rede vir My sterwe? - **Hieroor sal nou `n kort, maar duidelike verklaring volg.** Luister dus:

[2] Daar is al vroeër en dikwels uiteengesit, dat Adam as eerste mens van hierdie aarde - dit wil sê as mens met volledige vryheid van gees - geskape was met die doel om `n vorm te skep, **van waaruit die materie weer na die vrye geestelike lewe teruggelei kon word**. En daarvoor was bowenal die oorwinning van die materie self nodig, dit wil sê: daar moes deur `n vrye wilsbesluit `n toestand geskep word, wat aan die een kant die oorwinning van alle laer eienskappe laat sien, **soos aardse luste, begeertes en neigings**, om aan die ander kant `n **vrye opstyging na die suiwerste geestelike lewe moontlik te maak**.

[3] Daar is al vroeër genoeg gesê dat die menslike siel uit baie klein beginstadia bestaan, wat hulle tot steeds hoër vlakke van bewussyn ontwikkel en ten slotte in die mens weer die vorm bereik, wat as aardse vorm hom nie meer verder kan ontwikkel nie, maar wel wat die sielslewe betref. **Daar kom dus in die mens twee beginsels saam: Die einde van die materiële lewe** as hoogs ontwikkelde selfbewussyn, en **die begin van `n sielslewe** wat in die hoogste verwerfde voleinding van die vorm onveranderlik is. Daarom kan die mens op die skerpte van `n afsnyding van die aardse lewe hom nie afsluit van die bewussyn dat hy leef nie - want daarvan is hy self die bewys - terwyl hy tog geen vermoede daarvan het dat hy aangekom het op die drumpel van `n geestelike lewe nie, wat nou in die onveranderlike blywende menslike vorm sy begin het. Met ander woorde: Nadat hy vele veranderings van liggaamsvorm deurgemaak het, wat die bereik van die menslike gestalte ten doel het, ondergaan die gestalte nou in haar algemene vorm geen verandering meer nie, maar wel begin daar nou `n verandering van die siel, wat ten doel het om die Gees van Elohim self steeds digter te nader **en daarmee in gemeenskap te tree**.

[4] Wie nou kan dink, moet dink! Wat kan daar gebeur, as hierdie oorgang nie tot stand gebring word nie? Want hier staan materie en gees skerp teenoor mekaar, wat hulle wel oor en weer steeds meer kan verfyn, maar mekaar nooit - aangesien dit polariteite is - heeltemal kan raak nie. Daar moet hier in ieder geval `n weg getoon, **`n brug geslaan word**, waarmee dit moontlik is om van die materie tot die gees te kom - en **die weg moet `n voorbeeld wees wat elkeen in staat moet wees om te volg**. As die weg nie gevind sou word nie, dit wil dus sê: As `n mens dit nie sou betree nie, dan **sou dit onmoontlik wees** om die materie te verlaat om in `n vry, geestelike lewe te kom.

[5] Dit moet dus die strewe van die Godheid (die Gees) self wees om Haar skepsele, wat Sy uit liefde en tot hulle redding dwing om die weg van die materie te gaan - nadat hulle die grens bereik het, van waar die geestelike weg moontlik is - ook na Haarself toe te trek en so in die verhouding van Vader tot kind te bring. Adam moes die brug **in homself bou** en het dit eintlik baie maklik gehad, aangesien die verlokkinge van die materie baie gering was in vergelyking met nou. Daar was by hom net **selfoorwinning nodig, gehoorsaamheid,** dan was die brug gebou en kon die geestelike lewe bloeiend in hom ontwaak, omdat **gehoorsaamheid teenoor Elohim by `n mens**, wat vir die res vry van elke sonde is, **die enigste beproewingsmiddel is**. Eers uit ongehoorsaamheid volg alle ander oortredings

vanself, soos wat elkeen maklik by kinders kan waarneem. Nou het Adam geval, en daarmee het daar `n **terugtreding in die materie plaasgevind**, dit wil sê in die polariteit, wat haarself netso ver van Elohim kan verwyder as wat sy na Elohim self tot steeds hoër saligheid kan opstyg.

[6] Met hierdie val het die sonde die wêreld binnegekom, omdat Elohim nooit `n werk skep om dit uiteindelik weer te vernietig nie, maar die eenmaal geskape weg verder volg, so gesê **probeer korrigeer**, omdat die Wysheid van Elohim **vooraf rekening gehou het** met die gevolge van `n mislukking. Maar as dit daarom gaan om vrye skepsele te skep, geen geestelike masjiene nie, dan is die **weg van selfontwikkeling in die mens werklik die enigste weg daartoe**. Met die ontstaan van die menslike geslag as volkere het die opeenvolging van alle sondes ontstaan, bestaande uit `n lang reeks na `n steeds diepere val, omdat die begin daarvan - **die ongehoorsaamheid** - nou eenmaal bestaan het. Dit wil sê: As Adam nie ongehoorsaam was nie, sou geeneen van sy nakomelinge ook ongehoorsaam kon gewees het nie, omdat hy in homself dan `n kiem sou vernietig het, wat dan nie meer oorgeërf kon word nie. Op hierdie wyse het hy egter die kiem, bevrug en in sy nakomelinge het dit uitgegroei tot die boom, wat die lig van die son nouliks meer deur sy digte blaredak laat skyn.

[7] Dikwels word daar nou deur besonder sterk siele gepoog om deur die blaredak heen te breek om die son daardeur te laat skyn, en na gelang hulle ook met enkele op sigself staande gedeeltes daarvan slaag, besit die mensdom oeroue gelowe. Maar hierdie sterk siele slaag nie om die kern van die boom sodanig te raak, of om sy kroon so te breek, dat die magtige boom moes sterf nie. En hulle slaag nie, **omdat hulle in hulle aardse lewe self nie sonder skuld was nie**, maar eers van die wêreld geproe het, voordat hulle die dors na waarheid, na kennis van Elohim gevoel het. Die wêreld smaak vir hulle flou - en nou eers soek hulle iets beter.

[8] Die ou Indiese gelowe is die oudste wat julle ken; want die ou Egiptiese geloof in haar egte leer was die oudste, en die kennis daarvan het verlore gegaan. Al die leraars was sulke sterk siele, wat vir hulleself deur die blaredak heen gebreek het, die weg getoon, ook die ware en egte beskryf en uitgespreek het, maar wat tog nie anders kon skryf as vir hulle tyd nie, waardeur dit daar nou baie vervalle geraak het, wat in die samehang van dinge maklik te begryp is. Daaroor nou die volgende:

[9] Elohim was, voordat die inkleding in die vlees as JaHshua plaasgevind het, onpersoonlik.* Daarom kon niemand Hom ook aanskou nie, maar alleen Sy Wese voel, wat hy natuurlik maar **net as Lig merkbaar** kon maak, omdat Elohim in Homself suiwer lig is, wat Sy strale uitstuur. Maar waar lig is, is dit orals; **dit deurstroom alles en wek alles tot lewe**. Die onpersoonlikheid van Elohim veronderstel egter nie één punt van uitstraling, soos vanuit `n son nie, maar **`n see van lig**, waarin geen konsentrasie is nie. Diegene wat geestelik tot die goddelike Wese deurdring, kan die goddelike Wese dus ook nie anders gewaarword as `n lewe in die lig, wat swewe en rus in die lig, wat uiteindelik één word met die lig. Toe die mens JaHshua nou die personifikasie van Elohim geword het, was die ervaar van die Godheid vir diegene wat Haar genader het, **baie anders** - eenvoudig die nader van die een mens tot die ander. Derhalwe het die ou sieners gelyk; maar die nuweres, wat volgens My leef, het eweneens gelyk. *\*(Voor Sy menswording in JaHshua het Elohim in `n ontoeganklike lig gewoon en was vir geen enkele geskape wese sigbaar nie. Selfs die mees reine engelgeeste kon die Godheid nooit anders gesien het as `n son nie (Die geistige Sonne, deel 2/13:7). In Sigself en op Sigself is Elohim egter van ewigheid af aan `n mens (Die Groot Johannes evangelie, deel 6/88:3) na Wie se ewebeeld die mens deur Hom geskape word. (Genesis 1:27. Die Huishouding van Elohim, deel 2/139:20 en 138:26. Aarde en maan 54:9. Die Groot Johannes evangelie, deel 1/1:13-16; 2/144:4; 4/88:7; 5/70:3; 6/135:1 en 230:6; 7/121:3 en 219:11; 8/24:6; 9/58:7)*

[10] **Na die val van Lucifer**, toe die materiële wêreld homself gemanifesteer het, was die geestelike son weliswaar geskape as setel van die Godheid; maar ondanks alles was dit nie as `n op sigself staande konsentrasie op te neem nie. Die lig was in die geestelike wêreld orals, en die geestelike son het vir die liggaamlike mens, solank sy siel aan die liggaam gebonde was, vóór My aardse lewe nie sigbaar geword nie. Die sigbaar word daarvan was `n bekroning van die geloof van die geestelike wesens; want eers vir hulle was die son sigbaar - maar nou ook vir die mens wat in My glo, **sodra sy geestelike oog geopen word**, omdat die mens JaHshua op elke oomblik Sy hele ryk kan onthul aan almal wat in Hom glo.